**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXV VRYDAG 1 MEI 1970 NR. 5

Heidema
*Kerkstraat 48, Potchefstroom.*
**Telefoon 5319**
**VIR PUKKE**
**DIé FIETSWINKEL**

# Dit gaan vrolik op die kampus

**DIE KARNAVALGEES wat al die hele week die oorhand het op die Pukkampus bereik môre sy hoogtepunt. Tot dusver het oorspronklike vermaak en aksies meegehelp om 'n vrolike atmosfeer te skep. Môreoggend neem die studente die dorp op horings met sierlike vlotte en skreeu-snaaks popkoppe. Môreaand span 'n swierige wyn- en kaasparty die kroon op Karnaval '70.**

Die aksies en konserte van Dinsdag en Woensdag en gisteraand is reeds met groot welslae afgehandel. Dinsdagmiddag is die karnaval amptelik geopen. Die rektor het met die karnavalproklamasie waarin toetse en klasse taboe verklaar is, die Pukmassa se harte gesteel.

Gisteraand het daar 'n aksie plaasgevind wat nuwe gees in ons karnaval gebring het. Hierdie nuwigheid was die gemaskerde braaivleis. Dit het hier so tienuur se koers begin en vir eenmaal kon die Puk se asters maar die aand sorgvry en horlosievry geniet, want inkloktyd was eers eenuur. Nie minder nie as tien skape het van gistermiddag aan die spitte langs Oosterhof gebraai en dit was 'n welkome afwisseling van die ou eetsaalroetine.

Vanoggend was daar benewens die stalletjies op die kampus ook 'n lugvertoning, 'n towenaar en 'n foefieslaaid. Die Meksikaanse smouse en „kafee-eienaars" het ook nie op hulle laat wag om vanmiddag aan elke Puk middagete te voorsien nie.

Môreoggend met die vlotoptog, wanneer al die verantwoordelikheid van vlotbou en stalletjies onderhou agter die rug is, gaan die Pukke met al hul spontaneïteit en pittigheid die dorp invaar. Die sierwaens, wat op die oomblik al na aan voltooid is, is vanjaar van hoë gehalte.

En moenie praat van die heerlike braaivleis wat ons vanaand tot diep in die nag by elke vlot sal kan geniet nie! Vanaand is daar geen aandete nie, maar elke groep sal sommer by die vlot braaivleis eet. Die bouery sal eers twee-uur vm. gestaak word.

Hierdie jaar is daar ook busse om die Pukke uit die dorp terug te bring na die vlotoptog.

Die sierwaens sal dan 'n draai gaan maak deur Witrand.

Nog 'n nuwigheid is dat die Pukke môremiddag vlotte en al Klerksdorp toe gaan om daar 'n bietjie karnavalgees aan die skou te verleen. Busse sal eenuur vertrek. Vlotte, motors, busse gaan dan Klerksdorp inval met 'n groot lawaai.

Die Grand Finale môreaand neem die vorm aan van 'n swierige kaas en wyn party, waar daar vir oulaas gedrink sal word op die gees van Karnaval '70.



Die A.S.B. het verlede naweek 'n staatswetenskapsaamtrek op die P.U. kampus gehou. Op die foto is van links na regs prof. C. P. van der Walt, hoof van die dept. Staatsleer, 'n student van N.K.P., en mnr. Leon Wessels, voorsitter van die plaaslike A.S.B.-komitee. Prof. Van der Walt het 'n referaat by die geleentheid gelewer.
(Foto: Fotokuns)

# LOF EN VRAE NÁ STAATSWETENSKAPSAAMTREK

**VERLEDE JAAR het U.P. die presedent geskep; 'n jaarlikse konferensie van studente in die staatswetenskappe onder die beskerming van die A.S.B. Vanjaar was dit ons beurt om gasheer te speel. Die tema: Suid-Afrika in die maalstroom van die internasionale politiek. Lekker onderwerp om die tong los te maak. 'n Addisionele stimulasie was die kaas en wyngeselligheid Vrydagaand na die inleiding deur prof. Hennie Coetzee.**

Die konferensie is Saterdagoggend voortgesit met nog drie referate. Mnr. Barnard, S.R.-voorsitter van U.O.V.S. het weggeval met Suid-Afrika se volkerebeleid. Daarna het Carel Theunissen vervolg met Suid-Afrika as deel van Afrika. Tom Larney, wat verbonde is aan ons eie departement Staatsleer, het afgesluit met Suid-Afrika, die Seeroete om die Kaap en die Suidelike Halfrond.

### KRITIEK EN MENINGS

Die bespreking daarna het lig op baie sake gewerp. In die eerste instansie is daar bewys dat die Afrikaanse student tog oor staatkundige aangeleenthede dink. Die dinge staan vir ons in die branding.

Ons het na interessante menings geluister. Daar is egter ook kritiek. Ons stel die vraag: Wat het ons met die konferensie in gedagte gehad? 'n Sub-opskrif onderaan die program het gepoog om die antwoord hierop te verskaf: 'n saamtrek van studente in die staatswetenskappe. Daar sit dus 'n akademiese veronderstelling in. Dit is 'n belangrike vraag waaroor die A.S.B. in die toekoms sal moet beslis: is hierdie saamtrek 'n poging om die Afrikaanse studente tot denke oor die staatkundige aangeleenthede van ons land te stimuleer, of beoog hulle 'n akademiese diskussie tussen belanghebbendes?

Kontak is 'n ander belangrike faktor. Sonder kontak is die saak verlore. Ons leef 'n hele akademiese jaar op ons onderskeie kampusse en plotseling moet ons met mekaar kom gedagtes wissel. Ons is nie altyd op dieselfde golflengte nie. Wanneer ons uitvind waar ons ten opsigte van mekaar staan, is die konferensie 'n historiese feit. Sou die A.S.B. aanbevelings oor kontak van meer permanente aard kon doen?

Dog, die skaal balanseer. Ons het die diskussie gekry wat die doelwit was. Ons het menings uitgeruil oor dit wat vir ons van belang is. Ons is daardeur verruim. Ons besef weer dat die staatkunde en menings in die verband nie by ons onderskeie klaskamers ophou nie. Die A.S.B. verdien ons dank daarvoor.

## Lees binne:

- KANDIDATE VIR SR-VERKIESING — — — — 3
- NUWE VEREISTES VIR KLEURBAADJIES — — — 4
- TEATERETIKET — — — — 8
- NUWE TENNISAFRIGTER 9

## Kruiwaresies



Die kruiwaspan van Dorp is los voor en die twee bestuurders is besig met 'n volmaakte oorgee. Die wedren het die amptelike verkope van die Pukkie voorafgegaan en het verlede Vrydagmiddag in Kerkstraat plaasgevind.
(Foto: Fotokuns)

# POTCH. HET AAN DIE KRUIWAJAERS BEHOORT

**AS JY STUDENT IS, dan behoort die hele wêreld aan jou — so voel dit altans. Verlede Vrydagmiddag het die middestad van Potchefstroom dan ook heeltemal aan die studente vir ten minste 'n halfuur behoort. Dit was wel ten tye van die jaarlikse kruiwaresies wat elke jaar die verkope van die Pukkie, amptelike Karnavalblad, loods.**

Haak-en-Steek was dan ook eerste op die toneel, 'n volle driekwartier voordat die Wes-Transvaalse Kayakruiwa in aanvang sou neem. Daarna het die een wankelwiel na die ander sy verskyning gemaak. Elke manskoshuis is deur so 'n gedoente en sy drie fikste manne verteenwoordig. Sommige van die eenwiele was sommer heeltemal in die Grand Tourismo-klas soos die windmakerige Hertog van Heimat.

Uiteindelik het die groot oomblik aangebreek. Die Withelms het die verkeer tussen Lombaard- en Wolmaransstraat gestop en Kerkstraat het stil geword in afwagting.

Toe is hulle weg — dis nou almal wat by die wenpaal was. Gelei deur drie Capri's en drie motorfietse het hierdie eenwiel gevaartes onder die jillende studente uitgeskiet. Die dorp se span het sommer uit die staanspoor warm wiel geslaan wenpaal toe en toe hulle by die drankwinkel die pylvak insak, was die wrywing tussen rubber en teer volkome. Makouvlei het die tweede plek ingepalm en Gatland was derde.

By die stadsaal het mnr. Kobus van der Walt, karnaval organiseerder, die wenners aangekondig en mnr. D. Kruger het die pryse namens 'n sigaretmaatskappy oorhandig. Daarna het mnr. Hans Grobler die eerste Pukkie aan die studente bekend gestel. Die burgemeester, Rdl. J. C. Oosthuizen, het toe die skare toegespreek en die verkope van die Pukkie 'n rekord toegewens.

So 'n kruiwa kan darem „move" as hy wil — genoeg om enige boukontrakteur se hart warm te laat omwentel.

## Daar he'jy dit



Nou leer vir toetse! Wanneer moet die verlore slaap dan ingehaal word?

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

## 20th Century

THURS., 30th and SAT., 1st

**THE THOMAS CROWN AFFAIR**
* STEVE McQUEEN
* FAYE DUNAWAY

SAT., MORNING at 9.45 a.m.

**CAVALRY SCOUT**

MON., 4th and TUES 5th

**BUSHBABY**
* MARGARET BROOKS

WED., 6th, FRI., 7th and SAT., 8th

**HIGH SOCIETY**
* BING CROSBY
* GRACE KELLY

## Goue Weste Inry

Tel. 6437

FRIDAY, 1 May
SATURDAY, 2 May
BOTH SESSIONS
This is it — The film you have all been asking for!
* DAAN RETIEF
* JUNE NEETHLING
* FANUS RAUTENBACH
and many other Great S.A. Personalities!
In the Outstanding South African Production and well-known Radio Story — The Spy Comedy!

**STAAL BURGER**
In Colour.
You simply must come early to avoid disappointment!
Released by Ster Films.

Monday 4 May at 7.00 p.m.
Tuesday 5 May at 7.00 p.m.
Friday 8 May at 6.45 p.m.
Saturday 9 May at 6.45 p.m.
At your special request. We present with Pleasure!
* YUL BRYNNER
* GINA LOLLOBRIGIDA
In the dazzling, glittering super spectacle

**SOLOMON AND SHEBA**
Technirama Technicolor
It's one of the mightiest motion pictures ever created!
Co-Starring
* GEORGE SANDERS
* MARISA PAVAN
And a Cast of Thousands.
Released through United Artists.
Come early and bring the whole family!

Wednesday 6 May at 7.00 p.m.

Thursday, 7 Ascension Day Public Holiday, Theatre Closed.

Friday 8 May at 9.00 p.m.
Saturday 9 May at 9.00 p.m.
United Artists Present
* UGE TOGNAZZI
* STEFANIA SANDRELLI
In the thrilling drama that will hold you spellbound!

**THE CLIMAX**
(No Persons 4—18).

Monday 11 May at 7.00 p.m.
Tuesday 12 May at 7.00 p.m.
Wednesday 13 May at 7.00 p.m.
Thursday 14 May at 7.00 p.m.
Friday, Saturday May 15, 16
N.B. Both Session
A Paramount Picture

**TARZAN EN DIE OERWOUD SEUN TARZAN AND THE JUNGLE BOY**
Panavision and Colour
Starring
* MIKE HENRY as TARZAN
The first Tarzan Adventure in Afrikaans!
Family entertainment at it's best!
You must come early to avoid disappointment!


# ERE-DOKTORSGRAAD AAN DUITSE GELEERDE

**PROF. HELMUT PICHLER, hoogleraar in die chemie en tegnologie van gas, aardolie en steenkool van die universiteit van Karlsruhe, Duitsland, gaan met die eerskomende gradeplegtigheid op 16 Mei 'n ere-doktorsgraad ontvang. Hierdie eer word aan hom bewys veral op grond van sy bydrae tot die totstandkoming van SASOL.**

Prof. Pichler wat direkteur van verskeie navorsings institute in Duitsland is, sal self vir die geleentheid na Suid-Afrika kom. In 'n brief aan die owerhede het hy gesê dat hy dit as 'n besondere voorreg beskou om 'n ere-doktorsgraad vanuit Suid-Afrikaanse geledere te ontvang

Met hierdie geleentheid sal 17 voorgraadse diplomas en 55 eerste grade toegeken word. Dit is hoofsaaklik aan kandidate wat aanvullings- en siekte-eksamen geskryf het. Daar sal verder 5 nagraadse diplomas toegeken word, en ongeveer 110 honneursgrade, waarvan die B.A.-Honns. en B.Ed.-grade die meeste is. Afgesien van die 60 magistergrade, sal daar moontlik ongeveer 13 Doktorsgrade toegeken word

As spreker sal dr. P. E. Rousseau, voorsitter van SASOL en Federale Volksbeleggings optree.

Aangesien daar nog aan Olënpark verbou word, word hierdie gradeplegtigheid, soos die vorige, op die Onderwyskollege se sportterrein gehou


## Potch Inry

Tel. 5307 of 6345 bedags

VRYDAG 1 Mei om 9.00 nm.
SATERDAG 2 Mei om 9.00 nm.
* GEORGE PEPPARD
* INGER STEVENS
* ORSON WELLES
* KEITH MICHELL

**HOUSE OF CARDS**
In die aangrypende Mysterie!
In Kleur
(Niemand 4—12).

Maandag 4 Mei om 7.00 nm.
Dinsdag 5 Mei om 7.00 nm.
Vrydag 8 Mei om 6.45 nm.
SATERDAG 9 Mei om 6.45 nm.
* GLEN FORD
* CARLYN JONES
In M.G.M. se Puik Aksiebelaaide ,Western'.

**HEAVEN WITH A GUN**
In Kleur.

Woensdag 6 Mei om 7.00 nm.

Donderdag, 7 Hemelvaartdag. Publieke Vakansiedag, Teater Toe.

Vrydag 8 Mei om 9.00 nm.
Saterdag 9 Mei om 9.00 nm.
Fantasties!
U Sal nie besef wat u oorgekom het nie — maar u sal dit werklik geniet!
* JACK MacGOWRAN
* SHARON TATE
* ALFIE BASS
Gekoudheid en onderdrukte lag in M.G.M. se onverskrokke

**VAMPIRE KILLERS**
Panavision (R) Panavision
Metro Kleur.

Maandag 11 Mei om 7.00 nm.
Dinsdag 12 Mei om 7.00 nm.
Vrydag 15 Mei om 6.45 nm.
Saterdag 16 Mei om 6.45 nm.
* JAMES GARNER
* GEORGE KENNEDY
* EVA RENZI
Diep in die oerwoud het hulle gesoek na die Diamante — die Vroue en elkander!

**THE PINK JUNGLE**
Technicolor Techniscope/Kleur


# INTERTEE VOLDOEN AAN BURO VIR STANDAARDE

**DIE AAND VAN die vallei van gruwels; Oosterhof en Over de Voor dwaal saam rond . . . Dit was een van daardie heel besondere, heel anderse, eie tradisionele Oosterhof intertees. Om die woorde van een van die Over de Voor-manne te gebruik: „Daar is drie soorte intertees: ,grimm' intertees, gewone intertees en Oosterhof intertees!"**

Die manne het ná 'n staptoer deur 'n grutonnel die vallei van die dode betree. Die eetsaal was treffend omskep met groot spinnerakke, spinnekoppe, vlermuise, popfigure en flou kersliggies. Alles in 'n atmosfeer van geheimsinnigheid gehul.

Na 'n vrolike kennismaking op die maat van musiek, waar die manne hartlik welkom geheet is, het André de Deur die gedagtes ver laat trek met sy trompetsolo. Oosterhof se sêrkampioene en ander interessante aanbiedinge het verder luister verleen.

Die hoogtepunt van die aand was vanselfsprekend die verversings. Na die gewone tee is daar later in die buitelug warm sop en toebroodjies bedien, nadat man en muis vrolike liedjies gesing het. Toe Johan van Rooyen sy oorwoë mening lug, was die manne dit eens dat „die kultuurwaarde van hierdie Oosterhof-byeenkomste konformeer aan die standaarde van 'n intertee soos neergelê deur die Buro van Standaarde".

# INSTITUUT LEWER DIENS

Volgens die jaarverslag (1969) van die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige dienste en navorsing, het die Instituut, benewens die gewone saaklike onderhoude aan inligting- en hulpsoekende studente en persone buite die P.U., aan 585 gevalle vollediger aandag gegee. Dit is 'n toename in 145, en is saamgestel uit 14 voorskoolse kinders (voorligting i.v.m. gedragsprobleme en die bepaling van skoolrypheid); 68 laer- en hoërskoolleerlinge (leer-, gedrags- en emosioneleprobleme); 236 hoërskoolleerlinge (psigometriese toetsing en beroepsvoorligting); 36 volwassenes (persoonlikheids- en huweliksprobleme); en 29 gevalle met spraakprobleme.

Net soos in die vorige jare die geval was, vorm die hoërskoolleerlinge 236+) en die studente (203) die grootste enkele groep wat van die dienste van die Instituut gebruik gemaak het.


**ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG**

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

**UNIEWINKELS**

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)

POTCHEFSTROOM


# Dames in mans se kamers?

Hoe sou die Pukmans daarvan hou om hulle asters in hulle koshuiskamers te onthaal?

Die studente van die Universiteit van Natal is baie sterk ten gunste daarvan, en op die oomblik word daar geprobeer om die koshuisreëls sodanig verander te kry. Die mans wil ook toestemming hê om sterk drank in hulle kamers te gebruik.

Die voorsitter van hulle Studenteraad meen dat minstens 98% van die studente die reëls sodanig verander wil hê. Die verskillende huiskomitees het daaroor vergader, en daarna die koshuise afsonderlik. Een van die huiskomiteevoorsitters het gesê dat al die studente in sy koshuis saamstem dat die reëls verslap moet word.

Die besluite sal aan die koshuisowerhede voorgelê word en dan aan die Universiteitsraad.

# Caritasvereniging bedrywig

Die lede van die Caritasvereniging vir maatskaplike studente het 'n bedrywige program in die vooruitsig. 'n Kenmekaaraand in die vorm van 'n braaivleis is reeds by die Dam gehou. 'n Toer na Pretoria wat 'n paar dae sal duur word nou beplan.

Caritas beoog ook skakeling met soortgelyke verenigings aan ander universiteite. Verskeie subkomitees is gestig om die bedrywighede te organiseer.

Die bestuur wat onlangs verkies is bestaan uit:
President — Mnr. O. G. Kahl.
Voorsitter — Petrie Uys.
Sekretaresse — Hannie de Bruyn.
Tessouriere — Sanet Maré.
Addisionele lede — Hannie Burger, Zelda Arnoldi en Kobus Meyburg.

# P.O.K. REKTOR VEREER

Prof. Chas van der Walt, rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege, is vanaf April 1970 benoem as ere- professor in Lettere en Wysbegeerte aan die P.U. vir C.H.O.

Hy is 'n oudstudent van die P.U.K. en het die grade B.A., Honns. B.A., en M.A. (laasgenoemde twee met lof) onderskeidelik in 1942, 1954 en 1955 behaal.

Prof. Van der Walt is in 1949 getroud met mej. Munstra. Prof. en mev. Van der Walt het vyf kinders, twee dogters en drie seuns.

Hy en Prof. L. C. Eksteen van Pretoria het pas 'n reeks handboeke vir skole geskryf, nl.: „Taalstudie vir die Middelbare Skool". Dit is die eerste boeke wat tot dusver die nuwe benadering tot Afrikaanse Taalstudie bevat.


**CACHET APTEEK**

**DIE STUDENTE-APTEEK**

**Agente vir:**

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPERPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens**


**FOON 4201**
**TOMSTRAAT 92.**

**Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.**

## Kandidate vir A.O.B.



1. J. A. (Kobus) Booyens. 1967. B.Jur. et Comm. III.
1969: Karnavalkomitee Virus-administratief.
1970: S.R.V.P. bestuur. A.O.B. Karnavalkomitee Huiskomitee Over de Voor.



2. C. (Tian) de W. Coetsee 1968 B.A. III
1970: A.O.B. Karnavalkomitee.



3. S. P. (Stefan) Grove, 1968. B.Jur. et Art. III. et Art III
1970: 1. Kontakpersoon van Kuesta 70 op P.U.-kampus.
2. A.B.K.K. organiseerder.
3. Voorsitter Interkoshuiskomitee.
4. A.O.B. konvenor Fliekkomitee.
5. A.O.B. Sentrale karnavalkomitee.
6. Pukkieredaksie (subredakteur).
7. Wysgerige vereniging bestuur.
8. A.S.B. komitee
1969: 1. Thalia toerlid. (O-voers).
2. Reklamekomitee.
1968: 1. Regsverenigingbestuur.



4. H. G. (Gustav) Röhrs. 1968. B.Jur. III
1969: Flornabestuur.
1970: A.O.B. Primarius: Hombré.

# SES KANDIDATE IN S.R.-TUSSENVERKIESING

**AS GEVOLG VAN die bedanking van mnre. Gert Smit en Jan-Carel Erasmus uit die Studenteraad, het daar twee vakatures ontstaan wat by wyse van 'n tussenverkiesing gevul moet word. Mnr. Smit het die A.O.B., en mnr. Erasmus het Korps op die Studenteraad verteenwoordig.**

Ses persone is genomineer vir die twee vakatures. Vir die vakature van Korpsverteenwoordiger is mnre. Coert Coetzee en Herrie van Rooy genomineer en vir die A.O.B.-verteenwoordiger is mnre. Tiaan Coetzee, Gustav Röhrs, Stefan Grové en Kobus Booyens genomineem.

**Stemregvereistes**

Die verkiesing vind plaas op Dinsdag 5 Mei. Alle persone wat met die Studenteraadsverkiesing van 1969 stemreg gehad het. het weer eens stemreg. D.w.s. dat persone wie se name op die stemreglys van Korps wat op die kennisgewingborde sal verskyn, voorkom, mag stem vir die Korpsverteenwoordiger. Persone wat stemreg het ooreenkomstig die stemregvereistes van òf Korps, òf A.B.K.K., òf P.N.B., òf S.S.B. mag stem vir die A.O.B.-verteenwoordigers.

Bykomstig hierby het ook persone stemreg, wat vanjaar die massavergaderings asook die vergaderings van òf Korps, òf P.N.B. bygewoon het en wat die handboekeksamen reeds geslaag het.

**Die lekkerste van vlotbou is nie die bou nie maar . . .**




# *Geleerdes ontleed popmusiek*

**DIE bou-nou-'n-nasie-met-so-'n-stoffasie-uitdrukkings op die gesigte van drie van ons professore was nie 'n wonder as 'n mens die vreemde klanke in aanmerking geneem het, wat Woensdagaand 15 April in die Totiussaal gehoor is toe popmusiek onder bespreking was nie. Die geleentheid was 'n Korps Veritas Vincet-vergadering.**

Johan van Rensburg het eers die musikologiese agtergrond van popmusiek behandel deur dit te ontleed t.o.v. melodie, ritme, harmonie en vorm.

Volgens hom is popmusiek nie „goeie musiek" nie. Dit is nie blywend soos bv. Beethoven nie, maar nuwe liedjies kom en gaan gedurig. In goeie musiek moet daar balans wees tussen die vier elemente hierbo genoem. In popmusiek is daar soms egter geen merkwaardige melodie nie (behalwe in uitsonderings soos „Yesterday") en wat die vorm betref is daar tot vervelens toe herhaling om die musiek verteerbaar te maak met slegs 'n kommersiële doel voor oë. Dit is egter te sterk vir die fyn oor. 'n Baie effektiewe eienskap van popmusiek is egter die harmoniegebruik wat a.g.v. die ghitaar ontstaan het.

**MASSAKULTUUR**

Prof. T. A. van Dyk sien popmusiek teen die breë agtergrond van ons kultuur. „Ouers voed kinders op volgens innerlike kodes", sê hy, „maar met Amerika aan die voorpunt kry ons vandag 'n na-andergerigte kultuur waar gedragsnorme vir die massa geld. By die jeug kry ons bv. ekstreme groepe van misdadigers wat tot uiting kom in die massagees. Die na-ander-gerigte mens is 'n massamens. Maar die jeug maak hier maar net gebruik van voorregte wat by volwasse mense ontstaan het. Daar is ook 'n nuwe volwasse kultuur aan die opkom".

„Hierdie ‚onontwarbare te veel'" sê prof. Van Dyk, „word nou maar net in klank en ritme omgesit in die popmusiek. Gevoelsontremming van die eensame en ontredderde mens is tog 'n spesifieke kenmerk van die jong adolessent. Dit gaan om die menswees van die industriële jongmens".

Prof. T. van der Walt se mening was dat popmusiek pas in die kraal van die „senu-ineenstorting van die Weste". „Daar heers 'n ekskuus-dat-ek-lewe-houding", het hy gesê.

**SLEEPFILOSOFIE**

Prof. Van der Walt se siening van „I started a joke" was treffend: in die woorde „till I finally died which started the whole world living", sien hy 'n versinnebeelding van Christus. „Maar", sê hy, „‚The joke was on me' wat direk daarop volg, is, om die minste te sê, vulgêr".

Prof. W. J. de Klerk moes hom uitlaat oor die „sleepfilosofie" of te wel erotiese aspek van die liedjies. „Die liedjies is trou aan die jeug in hul onsekerheidstendens, eensaamheidsgevoel en behoefte aan begrip en kontak, gerig op die liefde tussen man en meisie", het hy gesê. „Die liefdesverhouding is 'n sterk teëwig teen 'n minderwaardigheidsgevoel, maar die idioom van die jeug is wat dit betref hard, onromanties en gestroop van sentimentaliteit. Dit is 'n sintuiglike kontak, 'n spesifieke soort onromantiese seksgevoel waarin daar geen teerheid, trou of kontinuïteit is nie, en wat bekend staan as ‚Coca Cola seks". Dit word bv. weerspieël in die veelvuldige herhaling ‚touch me babe, touch me babe'.

**HOOGSTE VERVULLING**

Ons vind vermenging van die godsdienstige met die erotiese, bv. in „I'm a believer", en die sekslefde word gesien as die hoogste vervulling.

„Elke geslag het sy eie minnelied", het die prof. Wimpie voorts gesê, „en ons sing vandag nie meer ‚Een aand op die trein na Pretoria' nie. Maar is alles in die lewe vandag goed te keur? Inderdaad rus die verantwoordelikheid vandag op die jeug om 'n taal te spreek wat ook aan norme beantwoord. 'n Bietjie ritme en emosie, 'n bietjie wild uitskreeu sal ons vergewe word, maar altyd met die reserwe dat ons God, ons lewensbeskouing en ons meisie nooit geweld aandoen nie".

Op die vergadering is tien voorbeelde van popliedjies voorgespeel, bv. „Cry to Me" en „I can get no satisfaction".

Hierdie vergadering volg op die eerste, wat twee weke tevore gehou is, en waar dwelmmiddels onder bespreking was. Die sprekers was prof. J. Offermeier van die departement farmakologie en mnr. Carl Cronjé van Johannesburg.

## Kandidate vir K.V.V.



1. C. J. (Coert) Coetzee. 1969. B.Comm. III
1969: Korpsbestuur A.O.B. Fliekkomitee.
1970: Penningmeester Korps. Penningmeester A.O.B. Penningmeester Karnavalkomitee. Huiskomitee Heimat.



2. H. F. (Herrie) van Rooy. 1968. B.A. III.
1969: Besembosredaksie
1970: Korps sekr. T.S.V.-bestuur.

# LASARUS RAAK WEER DOENIG

**DIE DAMES van Oosterhof het die afgelope drie weke etlike kere met „Lasarus die tweede" te doen gekry. (Vir die oningeligtes: dit is die dameskoshuise se tradisionele en soms mitologiese „peeping Tom").**

Veral die woonstelbewoners en die bewoners van die grondverdieping noord van die koshuis het baie las van sy voorbarigheid. Verskeie dames moes al toesien hoe sy hand en arm ewe rustig die gordyne wegskuif en hy in die kamers rondloer. Wat veral ontstellend verrassend was, was die kere wat 'n dame voor haar spieël gestaan het, en daarin gesien het hoe die arm verskyn en weer verdwyn. So dan en wan verdwyn daar selfs 'n potplant saam met die hand! Hy is nie juis oorversigtig nie, en het een aand selfs net skuins voor agt ewe rustig sy verskyning in die vierkant gemaak.

Die dames wat hom al van aangesig tot aangesig gesien het, sê dat hy 'n „groot, blonde reus" is, en in al die gevalle heel tuis voorgekom het Verskeie dames op die verdiepings het hom al snags in die omgewing van die koshuis sien rondslenter.

Op die pas afgelope koshuisvergadering was „Lasarus" ook een van die onderwerpe van bespreking. Met hierdie bespreking nog vars in die geheue, het die dames benoude en chaotiese oomblikke beleef toe 'n man ewe rustig oor die interkom begin praat het terwyl al die dames in die sitkamer besig was om die peins oor die mieliebol-skaarste by ontbyt. Die angswekkende krete wat die lug gevul het was blykbaar eens te veel vir die manne, want by nadere (en versigtige) ondersoek, kon geen skuldige gevind word nie.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5038



Die winkel waar die kieskeurige dames koop.

die WAPAD

VRYDAG 1 MEI 1970

# ONS IS NIE KOERANTLESERS NIE

Dit word algemeen aanvaar dat Suid-Afrikaners geen groot koerantlesers is nie. So word beweer dat die gemiddelde Suid-Afrikaner in hierdie opsig swak vergelyk met die inwoners van ander lande. Daar is rede om te glo dat die Afrikaner in hierdie opsig boonop ook nog 'n agterstand het teenoor die andertaliges in sy land. Die relatief klein sirkulasie van Afrikaanse nuusblaaie in vergelyking met Engelstalige koerante is 'n duidelike bewys hiervan. Aangesien die koerant een van die belangrikste media is waardeur inligting oor gebeure binne en buite ons landsgrense aan die publiek oorgedra word, is hierdie voorwaar 'n feit wat ons Afrikaners tot skande strek.

Tog sou 'n mens verwag dat die studerende jeug op hierdie veralgemening 'n uitsondering sou wees. Wat egter altyd 'n vae vermoede was, is nou onlangs op 'n teleurstellende wyse deur 'n meningsopname op die kampus bevestig.

Die meningsopname is vlak voor die verkiesing gehou en het getoon dat die deursnee student 'n baie oppervlakkige kennis van landsake in die algemeen en die politiek in die besonder het. Met sulke belangrike verwikkelinge sou 'n mens veel meer belangstelling en kennis van aktuele sake verwag.

Vir die nie-bywoning van massavergaderings en P.N.B. en Korps byeenkomste kan daar onder omstandighede nog regverdiging voor wees, maar die feit dat daar dae omgaan sonder dat sommige studente 'n koerant sien is onverskoonbaar. Dit is 'n gewilde aanspraak om die studente van vandag as die leiers van môre aan te prys, maar blykbaar het die Pukstudente vrede met die wêreld waarin hulle veronderstel is om eendag hulle plekke in vol te staan.

Die tydsomstandighede waarin ons leef maak dit gebiedend noodsaaklik dat almal op hoogte is van gebeure op die nuusfront.

Daar is al telkemale gewys op die gevaar dat ons ten gronde sal gaan weens 'n gebrek aan kennis. Die Pukstudent is in hierdie opsig veel meer aan homself, sy universiteit en sy land verskuldig as wat dit op die oomblik die geval is.

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Dawie Swanepoel
Subredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Nuusredakteur: Leon du Plessis — tel. 6030
Sosiale redaktrise: Louisa van der Vyver — tel. 2119
Politieke redaktrise: Henriëtte Murphy — tel. 3214
Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
Sportredakteur:
Kunsredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Fotoredakteur: Ben v. d. Walt — tel. 7088
Fotograaf: Flip Dwinger
Sekr. Penningmeester: Johan Ligthelm — tel.
Spotprenttekenaar: Andre Schutte — tel.
Sirkulasiebestuurders:
Francois Kruger — tel. 2030
Louwtjie Naude — tel. 2030
Sosiale verslaggewers: Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; William du Toit.
Politieke verslaggewers: Nina Venter; Katrientjie van Rensburg.
Akademiese verslaggewers: Barbera de Klerk; Elize Pienaar.
Sportverslaggewers: Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk.
Kunsverslaggewers: Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

# Nuwe vereistes vir kleurbaadjies

**VIR DIE EERSTE keer in die geskiedenis van die Puk word dit van studente wat kleurbaadjies wil aanskaf, verwag om 'n kleurpunt op te bou. Hierdie inligting blyk uit die onderhoud wat Die Wapad met mnr. Johan Schutte, konvenor van die kleurkomitee gevoer het.**

Benewens hierdie vereiste moet die aspirant-kleurbaadjie draers ook nog voldoen aan die twee basiese vereistes wat ook in die verlede gegeld het.

Mnr. Schutte het die saak soos volg uiteengesit:

● 'n Student moet sy eerste akademiese jaar geslaag het en weer 'n ingeskrewe student van die Universiteit wees. Farmasie-studente wat prakties doen, moet bewys dat hulle wel by 'n erkende apteker werk.

● 'n Student moet sy Studentehandboekeksamen (Bros) geslaag het. (Hierdie vereiste geld ook ten opsigte van die verkryging van stemreg).

Buitemuurse studente en studente in die Vaaldriehoek, asook voltydsingeskrewe studente wat in hulle akademiese derdejaar verder is en wat aan bogenoemde twee vereistes voldoen, is geregtig daarop om P.U.-kleure te ontvang.

● Vir alle ander voltyds-ingeskrewe studente geld 'n bykomende vereiste, nl. dat hulle 'n kleurpunt moet opbou. Die doel hiervan is om studente te prikkel om meer aktief deel te neem aan studente-aktiwiteite.

Studente wat in 1970 vir die eerste keer by die Universiteit ingeskryf is (d.w.s. vanjaar se eerstejaars), moet hulle kleurpunt opbou op die volgende basis. (Hierdie basis is aan die einde van die termyn 68/69 deur die Studenteraad goedgekeur).

| | |
|---|---|
| Massavergadering | 20 |
| Korps | 15 |
| SSB | 15 |
| Pukkie | 10 |
| Karnavalkollekte | 10 |
| PNB | 15 |
| ABKK | 15 |
| | 100 |

Die slaagsyfer is 40%

As aan hierdie derde vereiste nie voldoen word nie, kan 'n student nie kleure ontvang in sy tweede akademiese jaar nie. Die Massavergadering-, Korps-, en PNB-kleurpunte word toegeken op grond van 50% bywoning van die onderskeie vergaderings; die SSB-kleurpunt op grond van lidmaatskap van een van die gepatoneerde sportklubs en die ABKK-kleurpunt op grond van deelname aan of vir een van die onderliggame van die ABKK. Die kleurpunt vir Die Pukkie word toegeken op die volgende basis: 5% vir 50 Pukkies; 10% vir 60 Pukkies en 15% vir 200 Pukkies wat verkoop is. En vir die Karnavalkollektelyste: 5% vir R15; 10% vir R25 en 15% vir R60 wat gekollekteer is.

Mnr. Schutte het ook gesê dat indien 'n eerstejaar nie daarin slaag om 'n voldoende kleurpunt op te bou nie, hy in sy tweede jaar daarop kan voortbou op dieselfde basis as wat dit vir hom gegeld het in sy eerste jaar. Hy het ook alle studente (seniors sowel as eerstejaars) gemaan om die presensiekaartjies in te vul, anders verwerf hulle nie stemreg nie en kan ook nie 'n kleurpunt opbou nie.

Die Studenteraad ken jaarliks pryse toe aan die senior- en eerstejaarstudente wat die hoogste punte behaal in die Maart-Broseksamen. Die prys bestaan uit die helfte van die kleurbaadjie se koopprys.

## Engelse drama-vereniging gestig

Die Potchefstroom University Playreading Society for Students het Woensdagaand, 22 April, die eerste keer hierdie jaar vergader.

Hierdie vereniging wil belangstellling vir drama en toneel by studente aanmoedig deur toneelaande te hou, en wil studente geleentheid gee om Engels te praat onder mekaar. Uitstappies na Johannesburg sal ook gereël word. Stappe sal gedoen word om die vereniging offisieël in te lyf by die S.R.

Op die vergadering is die bestuur vir 1970 as volg gekies: Anthony Quinn (voor.), Peunuts Swanepoel (ondervoors.), Jennet Pretorius (sekretaresse), en Hanlie Griesel, Annelise Coetzee en Retha le Roux (add. lede).

**The Spell, 'n baie kort eenbedryf, is op die vergadering voorgelees deur twee damestudente,** o.a. **Annelise Coetzee, wat uitmuntende spel gelewer het.**

# Uit die Woord

## GODSDIENSTIGE DRAADSITTERS

*Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here!, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is (Matth. 7 : 21).*

*'n Draadsitter kan nie sy hele lewe lank daar bly sit nie. Alhoewel dit aanvanklik die voordeligste lyk, kom die tyd vroeër of later om af te klim (of af te val) en dit is sekerlik die moeilikste feit om te aanvaar. Toegepas op die lewe hou dit in dat dit skynbaar die maklikste weg lyk om op Sondae en ander godsdienstige geleenthede soos 'n ware Christen te probeer lewe en die ander tye saam met die ongelowige stroom te gaan. Dit is hoe 'n godsdienstige draadsitter lewe.*

*Dit is sonder twyfel 'n lewe wat daarop gerig is om die aardse bestaan sonder perke te geniet, maar om die gewete te sus dat Christus nog in die lewe 'n rol speel. Ons moet egter verby die wêreldlike sfeer sien en streef na die werklike doel, die koninkryk van die hemele.*

*Dit is die enigste plek waar volle geluk en saligheid is. Dit het Christus met sy koms bevestig en hierin lê ons enigste heil. Van die burgers van hierdie koninkryk word nou 'n besliste negatief en positief in hulle lewe geëis.*

*Dit baat nie om „Here Here" te sê en dan te meen dat daarmee die pligte van 'n burger van die koninkryk nagekom is nie. Want blykens die herhaling van die woorde „Here, Here" en ooreenkomstig die verband waarin die teks voorkom, is die aanspreekvorm hier niks anders as 'n beleefde titel wat wel dui op 'n uiterlike belydenis, maar nie op 'n ware geloof nie. Dit is die woordbelydenis van 'n godsdienstige draadsitter. Dit raak nie die hart nie, net die gewete. Dit bring nie lewensverandering mee nie, maar laat verdere verflouing intree.*

*Daarteenoor is daar die positiewe eis om die wil van God te doen. Hier staan die daad duidelik op die voorgrond. Dit is 'n bewustelike lewensindeling om nie na die mens se begeertes te leef nie, maar na God toe. Dit is twee teenoorgestelde rigtings. Daar is geen middeweg nie.*

*Daar bestaan dus in der waarheid nie so iets soos 'n godsdienstige draadsitter nie. 'n Draadsitter is in beginsel reeds aan die negatiewe kant van die draad. Reeds in hierdie lewe moet ons so na God toe leef dat ons die ewige Sabbat in hierdie lewe begin.*

*S.V.*

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
GEBAK DEUR
Turkstra BAKKERY
ook te kry by u kafeteria





'n Dametjie vertoon een van die popkoppe wat Saterdag die sente in die dorp sal laat inrol. (Foto: Fotokuns)

# Karnaval op die Kampus

Al gewonder wat die woord kampus nou eintlik beteken. Dit is glo afgelei van die Latynse woord càmpus wat oorspronklik veld beteken het en toe gebruik is om die sentrale pleine in die ou stede te beskryf. Vandag word dit by uitstek met betrekking tot universiteite gebruik.

En nou met Karnaval gaan die sentrale deel van ons kampus ook besondere aandag geniet. Allerhande gedoentes soos Mexikaanse dorpies en sierwaens en middernagtelike braaivleiste omvorm en omskep dit tot die grootste pret van hierdie jaar, en wie weet miskien ander jare ook.

So is die kampus vanjaar egter ook die teiken vir besoekers van oraloor. Ons het besoekers van bo gekry en wel in die vorm van valskermspringers wat vlae gebring het wat oor die studente joligheid wapper.

Belangrike besoekers het ook grondlangs hul verskyning gemaak Prof. H. J. J. Bingle, dr. Ali Bacher, Potchefstroom se burgemeester, Rdl. J. C. Oosthuizen en die Joolvoorsitter van Tukkies het hul tot die massa gewend op die groene gras van onse kampus.

En o ja, en die Akademie is met volle eerbetoon na Hades gestuur vir 'n paar dae.



Ons Huis en 'n deel van Karlien het 'n huwelik gesluit om sodoende hul aksies te kombineer gedurende karnaval. Die plegtigheid het Maandagmiddag plaasgevind. Die bruidegom is Kasper du Bois en sy stralende bruid, Jeanette Mengel. (Foto: Fotokuns)

## Karnaval

Dit was seker 'n goeie een! (Foto: Fotokuns)



## Karnaval

Die rektor, prof. J. H. Bingle, tydens die afkondiging van die karnavalproklamasie op die kampus. Op die verhoog sit Rdl. J. C. Oosthuizen, burgemeester van Potchefstroom, regs van hom, dr. Ali Bacher, Springbokkaptein, en mnr Koos Kruger, burgemeester van Tarentaal. (Foto: Fotokuns)



# ONTMOET . . .

*DR. FLORIS DIRK DU PLOOY is op 30 Desember 1916 in die distrik Bethulie gebore en het sy laerskoolopleiding in die plaasskooltjie op hulle plaas geniet, waarna hy sy hoërskoolloopbaan saam met prof. W. N. Coetzee en prof. Gert Pienaar in die dorpskool op Bethulie voltooi het.*

*Die depressiejare het swaar op die Du Plooyfamilie gedruk en aangesien daar 'n ouer broer was wat hom ook moes bekwaam om sy plek in die lewe vol te staan, het die jonge Floors eers vir twee jaar by die polisie in Pretoria aangesluit. Die onbeskermde lewe in die polisie het hierdie teruggetrokke jong man gedwing om uit sy dop te kruip en so kon hy in 1938 met 'n breër lewensuitkyk en heelwat meer lewenservaring sy universiteitsopleiding aan die P.U. begin. In dr. Du Plooy se eie woorde: „Die polisiediens het my gemaak!"*

GELD SKAARS

*Sy universiteitsjare was in geen opsig 'n pad met rose besaai nie. Dit was oorlogsjare en geld nog so skaars as twee jaar vantevore.*

*Dr. Du Plooy het sy B.A.-graad met hoofvakke Duits en Hollands (nou Afrikaans-Nederlands) in 1941 behaal, waarna hy 'n vrybeurs van £60 (R120) van die Universiteit van Suid-Afrika gekry het vir sy M.A.-graad in Duits. Hy verwerf sy M.A. in 1942.*

*En wie sal nou sê dat 'n waardige dosent aan die P.U. nie ook op sy dag 'n student in die ware sin van die woord kon wees nie. Ja, hy het selfs nie geskroom om ten minste een of twee keer per jaar op 'n hongerstaking te gaan omdat Woensdae se kos vir enige normale student onverteerbaar was.*

*Die name „Ons Huis" en „Heimat" sal in Dr. Du Plooy se herinneringe ook nooit uitgewis kan word nie, want wie vergeet ooit die koshuis waaraan soveel blye herinnerings gekoppel word en „Heimat" se eetsaal was dan weer eens die oplossing vir 'n hongermaag. Bowendien watter student uit hierdie veelbewoë dae sal ooit die soldateaanval vergeet, waardeur Heimat en veral die eetsaal verwoes is.*

OSSEWAFEES

*Dis dan ook in hierdie veelbewoë studentelewe dat die ossewa-eeufees die middelpunt van elke regdenkende Afrikaner se lewe was.*

*Na voltooiing van sy M.A.-graad het dr. Du Plooy as onderwyser 'n aanstelling op Odendaalsrus gekry wat destyds nog net oor 'n plaasskooltjie beskik het en gevolglik het hy leerlinge vanaf sub A tot standerd ses onder sy beheer gehad. In 1946 is hy getroud. Daarna is hy na Fakkel Hoërskool in Johannesburg en toe na Helpmekaar.*

*Terwyl hy op die Rand werksaam was, het dr. Du Plooy in 1955 sy doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria behaal. Sy doktorsverhandeling het gehandel oor: „Das Lebens- und Milieuschilderung bei Reuter an Hand seiner Vergleichungen".*

SLOT EN AGTSTEMAN

*Van Helpmekaar af is hy na die Sentrale Hoërskool in Bloemfontein, Bethulie, Handelskool in Carletonville en Gimnasium in Potchefstroom. In 1964 is hy as senior lektor aan die P.U. aangestel.*

*Benewens akademiese belangstellings was en is dr. Du Plooy 'n vurige rugby-entoesias. Hy het agtereenvolgens vir Polisie, Transvaal en Wes-Transvaal slot gespeel. Reeds in sy eerste jaar het dr. Du Plooy vir die Pukspan òf slot òf agtsteman gespeel.*



Min Shaw (tweede van regs) en Lance James (links) het Dinsdagaand in die Sentrale-eetsaal in 'n opvoering opgetree. Mnr. C. Piek (tweede van links) het as seremoniemeester opgetree.
(Foto: Fotokuns)

# Studenteraadsvoorsitter aan die woord

AFRIKAANSE STUDENTEBOND

Dit is verblydend om die studente van die P.U. vir C.H.O. se houding ten opsigte van die A.S.B. as positief te kan tipeer. Meer nog, dit is tipies van die Pukstudent dat hy hom nie blindstaar teen beuselagtighede of hom besig hou met kleinlike besware nie. Gevolglik die algemene gees van goedgesindheid jeens die A.S.B. — wat weer eens duidelik geblyk het tydens die onlangse takbesoek van die A.S.B.-hoofbestuur aan ons kampus. Die Pukke besef duidelik die waarde — en noodsaak — van affiliasie deur 'n studenteraad van 'n Afrikaanse universiteit by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie wat hom uitgesproke op 'n sekere beginselgrondslag stel en in oorkoepelende hoedanigheid ten opsigte van die studenterade wat daarby geaffilieer is, fungeer. Hierdie is die tipiese Puk benadering wat meer as verwelkom word.



Mnr. Johan Kruger.
(Foto: Fotokuns)

TUKKIE-BESOEK

Die onlangse besoek van die Verteenwoordigende Studenteraad van die Universiteit van Pretoria aan ons kampus, is 'n gebaar van daardie kant waarvoor ons hoë waardering het. Daardeur is die noodsaak van gesonde skakeling en goeie betrekkinge tussen Afrikaanse universiteite opnuut beklemtoon. Sulke gebare neutraliseer die sweem van negatiwiteit wat dikwels van beide kante deur 'n gebrek aan verstandhouding veroorsaak word. Maak gerus weer so, Pretoria.

SENTRAAL-AKADEMIESE BESTUUR

Ten slotte; daar word tans onderhandel met die voorsitters van

★ Vervolg op bladsy 7

# STUDENTESPEKTRUM

**POLITIEK WAS die wagwoord op die Suid-Afrikaanse kampusse op die vooraand van die algemene verkiesing. Primêr en sekondêr, of te wel, partypolitiek of studentepolitiek.**

TUKS:

Die Perdeby van 17 April meld dat die Tukkies by die massavergadering op die aand voor algemene verkiesing 'n baie belangrike mosie gaan indien. „Die Tukkies wil standpunt inneem in die komende algemene verkiesing en hulle steun aan een van die politieke partye toesê". Die blad meld verder dat daar uit „betroubare bron" verneem is dat die begunstigde die Nasionale Party sal wees. Daar was glo groot belangstelling in die pers oor die massavergadering en die politieke partye was nie onentoesiasties nie. Die kampus is 'n toekomstige faktor in partypolitiek.

Verder is 'n ou twisappel nog altyd die gewetensklosule. Dit was 'n belangrike punt op die agenda van die massavergadering. Tuks se V.S.R. wil hierdie kwessie vanjaar nog besleg. 'n Mosie ten gunste van die afskaffing van die Klosule word in die vooruitsig gestel.

MATIELAND:

Ook op die Akker staan die Gewetensklosule weer in die fokus. In 'n onderhoud met die nuwe rektor, prof. J. N. de Villiers word die vraag gestel: Dink u die invoer van die Gewetensklosule is op Stellenbosch oorweegbaar? Sy antwoord is swye. As die vraag hergeformuleer word (Dink u die verbod op godsdienstoetse moet in die geval van U.S. afgeskaf word?) is sy antwoord nee. Dit wil voorkom asof daar 'n revaluasie van die Gewetensklosule sal moet plaasvind.

NATAL:

'n Sis tussen die tande deur: „For God's sake". Dis 'n banieropskrif in die Dome van 8 April. Die rede? Waarskynlik 'n uitroep van verontwaardiging. Dit is in elk geval reaksie op die studenteraads-(tussen)verkiesing. Uitslae het getoon dat slegs 18% van die stemgeregtigdes gestem het. Meer brutaal gestel: slegs 363 van die sowat 2,000 stemgeregtigdes onder die studentemassa het aan die verkiesing deelgeneem. Wat sou 'n mens daarin kon lees. Dat die pendulum van politieke aktivisme oorgeslaan het na passivisme? Die zero-punt van studente itiek in studente aangeleenthede?

WITS:

As Natal passief is, Wits is dit nie. Nie as die hoofberig van die Wits Student van 10 April reg gelees is nie. Kopieë van Wits Student is simbolies deur koshuisstudente op die trappe van die Great Hall verbrand. Oorsaak van die protes? Hoofberig van verlede week se uitgawe van die blad wat die ontgroeningsaksies in die koshuise afkeur. Nou toe. 'n Inkwissie oor ontgroening — kan dit wees dat daar ook by ons broers op Wits 'n warm studentehart onder die laag politieke vernis klop. Vive la brimade!

# OOR DIE ONDERDEUR

Dis tog snaaks — hier is bykans 4,000 studente op die Puk en elke week kos dit sweet om hier 'n paar slependes vas te pen.

Maar miskien is dit nie so snaaks nie — die mans sleep nogal heelwat op Pote — miskien moet 'n mens op hulle campus gaan rondloop. In ieder geval, onder die getroue besoekers daar is **Casper Krüger** en sy gasvrou is **Trudie van der Walt**. Puk **Daan Gouws** vind Poot **Susan van Coller** beter geselskap as sy beste vriend! **Albert van der Linde** se hart loop oor van **Ria Verster** terwyl **Frans Malan** sê Huis Republiek vul sy beker van geluk tot op die rand met **Vasti Coetzee**.

**Deon Erasmus** en **Jeanine Malan** sê sleepgeriewe op die Puk is minimaal. (Foeitog ja, die ou bankies is seker nie van die sagste vir 'n lang „sit-in" nie). **Rosa Ackerman** sal van Heide se 7de verdieping afspring as dit daarop aankom — solank **Dries Burger** onder staan.

**Wiena Steyn** vind nog steeds daardie manlike pypreuk wat **Lourens du Plessis** omgewe tog te verleidelik.

So in my agterkop kom 2 name op — **Dia Louisie Möller** en **Hennie Smit**. Ek wonder hoe sake presies daar staan? **Linda van Vuuren** en **Jasper** wag net tot sy 21 is — en dan laat waai hulle met die ringvinger.

Bande wat lyk my al hoe inniger verstrengel raak, is dié van **Carol van Zyl** en **Johan du Bruyn**. **Lidia van der Walt** vind dat afstand nie die grootste probleem is nie — maar ai, stippeltjie **Tinus de Wet** in Durban is darem maar ver!

**Rika van der Walt** en **Elsabé Smuts** meen blykbaar hulle is al soveel jare op die plaas dat verandering van spyse onontbeerlik geword het. Siedaar, toe annekseer die rooi Alfa en swart Mercedes met hulle TP-nommers al wat 'n parkeerplek is voor die koshuis. Vanwaar ook die skielike voorliefde vir krisante en ingenieurs onderskeidelik? 'n Mens wonder maar net — en al die ruikers dan?! (Dankie, Toeskouer!)

**Johan Dreyer** en **Nicolene Botha** hou nog steeds aan en uit. Onder dieselfde kategorieë val **Elsa Lindes** en **Sarel Roetz**. Dit is mos 'n Florna-sleep as ek dit nie mis het nie.

**Betsie Strydom** se boer **Jan** was weer hier en dis miskien dié dat haar oë so blink. **Phyllis** is **Betsie** se maatjie en sy het ook 'n boer, **Leon**, wat ook kom kuier het. **Tersius de Wet** maak nou oop vir die einde van sy studie (doktorsgraad, ja) en die begin van hom en **Lynette** — darem 'n oulike dingetjie die van hom.

**Zak Ferreira** en **Rehta Alberts** het só baie gewens dat Heimat en Van Heerdenhuis nader aan mekaar was. Dieselfde geld vir **Burgert van der Westhuizen**. Sy fiets is al deur gery dorp toe — **Lana Eloff** toe.

Nou ja dan sluit ons maar af met **Elsa Toxopeüs** en **Nic Coetzee**.

Gaan mal op mal Karnaval '70.

Vriendelike Groete,

Liefie.

A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074




NB NASIONALE BOUVERENIGING
waar Spaarsin beloon word
Kerkstr. 100 Posbus 517
POTCHEFSTROOM

# Mans praat oor hul haarmodes

Liewer dood as uit die mode is 'n kreet, wat meer as enige ander een in sowel die praktyk as teorie gevind word. Dit het tot gevolg dat vet tannies en asters mini's dra, lang maeres maksi's dra, en les bes: dat mans, een en almal, van die proffies tot by die vaalste outjie (behalwe Wouter van Over de Voor) hulle hare laat groei. Het-sy agter, by die ore langs, of bo-op. Omdat daar deesdae naastenby 4,000 menings op die Puk rondloop wat 'n byna onwillekeurige uitdrukkingsvermoë besit, het ons 'n paar manstudente genader.

Byna almal was dit eens dat 'n mens se hare netjies moet wees, maar darem nou nie so kort dat jou gehoororgane soos windskottels langs jou skedel uitsteek nie. Behalwe netheid is slegs twee ander vereistes aan die haardraers deur my informate gestel: dat die hare darem skoon moet wees en dat sodanige styl by die draer daarvan moet pas.

### LUISLERE

Hoe dit ook al sy, die meeste mans dra hul hare lank. Omdat daar nou meer materiaal is om mee te werk, het verskillende modes kop uitgesteek. Een geskiedkundige mode wat vandag uiters gewild is, is die bakkebaard of luislere (ek weet nie of hierdie woord ontstaan het a.g.v. die betogers nie), of soos ons op Hollands sê „sidies". Dit mag natuurlik wees dat die bakkebaard as beskerming vir die oor dien in hierdie era van harde musiek, deurdat die hare nou weerskante van die gehoororgane wortel mag skiet. Wat ook al die rede vir die ontstaan is, dit is die ware Jakob vir elke haan wat die voorreg het om soggens met 'n skurwe kennebak op te staan. Dit is nou wel waar dat sekere ouens soos gorillas lyk met die goed en andere weer heeltemal skaflik, maar wat ook al die visuele effek, dis in elk geval die helfte minder gesigsoppervlakte om te skeer.

### WOLKOP OF KAALKOP

Nou kan 'n mens 'n bietjie in die geskiedenis terugkyk en allerhande redes gaan soek oor hoekom lang of kort hare. Dan kan ons bespiegel of ons nou op die afdraande of smal paadjie is. Maar elke mens moet tog vir homself besluit wat hom te doen staan, wolkop of kaalkop. Maar die lang hare het veral die wolwe 'n bietjie op hul neuse laat kyk, want om vir 'n pragtige blondekop te fluit en uit te vind dat sy 'n man is, kan enige man se binneste omkrap.

# INTERESSANTE DIPLOMAS AAN DIE P.U.

**TWEE INTERESSANTE nuwe diplomas word vanjaar vir die eerste keer deur die P.U. aangebied. Die een is die Universiteitsdiploma in Verloskundige en Psigiatriese Verpleging. Hierdie diploma kan slegs geneem word na die B.A.-graad in Verpleging of 'n gewone graad en 'n verdere driejarige diploma in algemene verpleging.**

In die fakulteit Ekonomie is die tweejarige Universiteitsdiploma in Koöperasiewese vanjaar ingestel. Die minimum vereiste hiervoor is 'n matrieksertifikaat. Lesings word slegs sekere tye van die jaar gehou.

Die vak Logika word vanjaar ook vir die eerste keer as 'n tweejarige hoofvak aangebied. Etiek kan nog slegs as 'n byvak geneem word.

'n Kursus wat ook nog redelik onbekend is, is die diploma in Bantoeïstiek. Daar is 'n Hoër en 'n Laer Universiteitsdiploma daarin. Die eerste duur 'n jaar en 'n graad is 'n vereiste. Die Laer diploma duur drie jaar en kan na matriek begin word.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

Met die verkiesing feitlik, soos die Apollomislukking, nou reeds ou nuus, wil ek nie wonde oopkrap nie, maar ek voel tog dat daar iets oor gesê moet word. Hier is enkelinge op Puk wat nou met lang gesigte rondloop, ander het nuwe moed gekry en die res lyk ietwat bekommerd. Al drie hierdie Pukke het groot monde gehad en al drie is nou stil en ek sê dis 'n goeie ding want hierdie eenmalige geskiedenis wat ons beleef het bewys dat dit nie help om grootbek rond te blaf nie, want op die ou end haal jou sondes jou tog in.

En dit laat my onwillekeurig dink daaraan dat daar darem 'n verteenwoordiger vir die Voortrekkers op die S.R. moet wees. Kyk, ek meen, dit is nou só dat die skaakspelers en Florna nie 'n verteenwoordiger op die S.R. het nie, maar die Voortrekkers is darem 'n perd van 'n ander kleur.

Behalwe miskien vir intervarsity (tog so mooi woord dié: intervarsity) is karnavaltyd die mooiste tyd van die jaar, want selfs die mees toegewyde akademikus onder ons skuif die akademie so 'n sentimeter of twee opsy om half verstrooid te deel in die pret en mee te help tot sukses. Indien ek my sou waag op die terrein van die wysbegeerte sou ek karnavaltyd as 'n suiwer antroposentriese tyd beskryf. Vir 'n wysgeer is ek egter so skrikkerig soos die spreekwoordelike duiwel vir 'n slypsteen. Het u al opgelet hoe daardie mense so 'n verwilderde, byna paniese kyk in die oog het?

Van die wysbegeerte na die liefde. My meisie se naam was Valencia. Ek moet noodgedwonge van die verlede tyd gebruik maak, want, al sou ek hoe graag ookal wou sê dat ek haar laat staan het, of dat ons mekaar vergeet het, moet ek eerlik wees en erken dat sy my, hoewel bewonderenswaardig taktvol, laat verstaan het dat ons „eintlik nie vir mekaar bedoel is nie".

Ek het in die verlede altyd as iemand anders so iets oorgekom het heimlik gedink dat dit nie só erg kan wees nie. Nou weet ek en nou verstaan ek. Miskien het selfs my eerbiedwaardige vriende 'n bietjie simpatie met my?

★ *Vervolg van bladsy 6*

### STUDENTERAADVOORSITTER AAN DIE WOORD

Akademiese Verenigings om die moontlikheid van die stigting van 'n Sentraal-Akademiese Bestuur op die kampus te ondersoek. Dat daar 'n behoefte aan sodanige organisasie bestaan, is nie te betwyfel nie. Juis waar ons in die tyd van die massamens leef, is dit noodsaaklik dat ons studente nie verdwyn in die massa en elkeen maar op sy eie tyd voortgaan nie; dit is juis nou nodig dat studente saamgebind word tot 'n hegte groep Pukstudente. Daarby moet die konkrete voordele wat só 'n organisasie inhou vir beide die individuele student sowel as die akademiese groep waaraan hy behoort, nie uit die oog verloor word nie. Indien die stigting van só 'n organisasie werklikheid sou word, sou dit die legkaart van ons studentelewe soos dit tans fungeer, voltooi.

En 'n laaste gedagte: lekker Karnaval hou, Pukke!

**G. C. LOOCK**
KLEREMAKER
KERKSTRAAT

GEE 'N MAN 'N LUCKY!




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# DRAMASTUDENTE LEWER PUIK SPEL IN GODOT

**Samuel Beckett: Afspraak met Godot.**

**Spelers: Peet van Rensburg, Pieter Fourie, Fanie Labuschagne, Philip Naude, Tippie Kriel.**

**Regie: Bet Botha.**

**P.U. Kamertoneel, Dept. Spraakleer en Drama.**

**Wie is Godot?**

**Dit is met die idee dat jy hierdie vraag vir jouself wil oplos, dat 'n mens na dié absurde drama gaan kyk. Want jy het vergeet dat dit nie in die absurde teater gaan om die oplossing van die menslike probleme nie, maar slegs om die toon van die mens, vasgevang in die sinloosheid van sy bestaan.Die mens bestaan slegs, waarom en waarvoor weet hy nie.**

In hierdie drama gaan dit om twee boemelaars, Vladimar (Peet van Rensburg) en Estragon (Pieter Fourie), wat wag op Godot. Twee enerse dae in hulle wag word getoon en aan die einde van elke dag kom die seun (Tippie Kriel) om te sê meneer Godot sal môre kom.

Vladimir en Estragon probeer die tyd omkry — hulle bekla hul lot teenoor mekaar, speel met woorde en wag. Van die verveling word hulle tydelik verlos met die binnekoms van Agjo (Fanie Labuschagne) wat 'n ou en geboë lasdraer, Boerpot (Phillip Naude), aan 'n tou lei. Die tweede dag kom hulle weer, maar nou is Agjo blind en afgetakel en Boerpot stom.

### ENERSE DAE

Beckett druk die verveling van die altyd wagtende mens uit deurdat twee enerse dae getoon word. Daar kom ook net mans in die drama voor. Die twee pare (Vladimir en Estragon en dan Agjo en Boerpot) kan ook as twee mense, belig van twee verskillende kante beskou word. So word Vladimir dan beeld van die filosofiese en Estragon van die praktiese, Agjo van die heerser en Boerpot van die slaaf in die mens.

Die tweede dag het die boom blare aan. Estragon gaan lê altyd in die voorgeboortelike posisie. So word daar tog aangedui: ten spyte van die sinloosheid van die bestaan is daar tog moontlik hoop op nuwe lewe.

Die spelers lewer deurgaans goeie spel. Hulle het net moontlik uit die oog verloor dat hulle baie naby die gehoor sit in 'n klein teater. Deurgaans is daar 'n neiging om te oorspeel. Dit word geregverdig as 'n mens in ag neem dat die stuk vir jou moontlik wil sê: wat jy hier sien, is 'n toneelspel, dis nie soseer boemelaars nie, maar die mens in sy sinlose maar altyd wagtende op iets bestaan.

### PIETER FOURIE

Pieter Fourie (Estragon) lewer pragtige inlewende spel. Vir die mens in die absurde teater is die uittrek van 'n skoen, die eet van 'n wortel en die wag op verlossing alles aksies van eweveel betekenis — dié effek verkry Pieter. 'n Toneeltjie wat 'n mens bybly, juis omdat die patos van hierdie mens se bestaan daarin na vore kom, is die danstoneel waar hy vra: Dink jy God sien my?

Peet van Rensburg (Vladimir) speel eerder op tegniek as op emosie en balanseer daarom Pieter Fourie se spel. Daar is, miskien opsetlik so verkry, 'n mate van afstand tussen hom en sy rol. Net soos Pieter, lewer hy goeie gesigspel.

Fanie Labuschagne (Agjo) se binnekoms was byna oorweldigend, maar daarna het hy sy stem beter aangepas by die grootte van die teater. Hy kry dit reg om die rol van Agjo so te vertolk, dat dit die mate van irritasie met sy egoïsme en bombasme en 'n gebrek aan simpatie met sy aftakeling wat Beckett moontlik bedoel het, by die toeskouer laat ontstaan.

### DEKOR

Die gelatenheid en moegheid en sinloosheid in die stuk, het vir mv die beste uit die liggaamshouding van Philip Naude (Boerpot) en sy enkele afgerammelde toespraak gespreek. Ook in die spel van Tippie Kriel (die seun) kry 'n mens die idee: dit is eintlik maar 'n toneelstuk dié.

Die dekor pas baie goed aan by die aard van die absurde teater. Dit bestaan net uit 'n nie-realistiese boom en pad na nêrens.

Die boom bevat 'n mooi kruissimboliek wat goed inpas in die

★ *Vervolg op bladsy 9*




# TWEE PUKASTERS PRESTEER OP KUNSFEES



Rina Hugo wat op die Kuesta kunsfees vier van die vyf sangnommers gebuit het.

(Foto: Fotokuns)

**TWEE STUDENTE van die Potchefstroomse Universiteit het daarin geslaag om die voordrag- en sang-afdelings op die kunsfees van Kuesta '70 te wen. Die twee dametjies wat die hoogste persentasies in die onderskeie afdelings behaal het, is mejj. Hannetjie Beukes en Rina Hugo.**

Mej. Beukes is 'n B.A.-Honneurs student in Perswetenskap met Drama III as bykomende vak. Die, drie items waaraan sy deelgeneem het was monoloog; gedramatiseerde prosa en poësie. Van al die deelnemers aan hierdie afdeling het sy, die hoogste gemiddelde persentasie gehad, waardeur sy 'n gratis vakansietjie in die Wildtuin losgeslaan het.

Mej. Hugo, een van die Puk se Doemeldoedies, is 'n B.Mus-studente. Sy het in vier van die vyf afdelings waaruit die sangkompetisie bestaan het, die eerste plek gekry. Dit het ingesluit: opera, oratorium, 'n Afrikaanse kunslied en 'n program. In hierdie afdeling was mev. Daneen Serfontein die beoordelaar. Sy het daarmee ook 'n Wildtuinvakansie verdien.

Albei die dames was beïndruk deur die hoë standaard wat op die kunsfees gehandhaaf is en het die geleentheid vir kompetisie baie geniet.

Op Dinsdagaand het die studente van die ander universiteite ook die geleentheid gekry om 'n uitvoering van die Alabamaritmegroep by te woon. Wollie Wolmarans wat op die Puk bekend was vir sy oortuigende nabootsings van sangers soos Louis Amstrong, het ook opgetree. Enige vooroordeel of twyfel wat by die ander studente geheers het, is deur die briljante kwaliteit uitgewis.

In die geheel gesien het die Puk reeds op die eerste Kuesta kunsfees 'n mooi voorbeeld gestel wat in die volgende jare met goeie vrug nagevolg sal kan word.

# *TEATERETIKET VIR DIE GEWONE OU MET DIE GEWONE ASTER*

**DAAR WAS eendag 'n gewone ou met 'n gewone aster. Die ou vra toe vir sy aster die ongewone ding om saam met hom na 'n toneelstuk te gaan kyk. Die ongewoondheid is natuurlik nie daarin geleë dat sy saam met hom gaan nie, maar in dié feit dat hulle eindelik sover kom om teater toe te gaan.**

Tipies vroulik wonder die aster wat sy sal aantrek. Sy vind toe uit dat 'n mens nie soos 'n blinkende aandster hoef te lyk nie, maar dat daar darem iets is soos geleentheidsdrag. Sy was op die PUK en kom agter dat enige aster ernstig moet besin oor die moontlike skade wat die luukse sitplekke van die Totiussaal aan haar klere kan doen. Daarby het die gewone aster 'n gewone pa, dus niemand verwag van haar om klere uit die huis van Dior te dra nie. Nou gaan sy ewe netjies, met miskien so ietse blinkerigs vir spesiale geleenthede, saam met haar ou in sy aandpak of donker kerkpak.

### FROMMEL PAPIERTJIES

Baie gretig om haar te plesier, koop die ou vir haar lekkers. Wat natuurlik in sigself geen slegte idee is nie, maar of dit nodig was om aanhoudend te eet met 'n selfgenoegsame gefrommel van die papiertjies wat almal in die omtrek kriewelrig gemaak het, is natuurlik 'n feit wat nie net aan die aand se min kos in die eetsaal toegeskryf kon word nie.

Die eerste bedryf was net verby en om die waarheid te sê, het ons ou tweetjies dit regtig geniet. Maar almal klap toe so flou hande, dat hulle besluit dis seker goeie maniere. Dit was aan die einde van die tweede bedryf dat ons gewone ou besluit, dis nou onsin, as hy iets geniet, gaan hy hande klap. En toe ons frisse boerseun sy hande met krag en spoed teen mekaar gooi, kom daar lewe in die klomp rondom hom. Was dit verbeelding dat dit vir die gehoor gevoel het daarna nou spéél die mense op die verhoog?

### HOOIKOORSAANVAL

Dit was tydens die derde bedryf wat iemand in die nabyheid van die aster 'n hooikoorsaanval kry. Dis eers veel later dat dit tot haar deurgedring het dat sy maar liewer net minder parfuum moet gebruik as sy en haar ou hulle nie in die omgewing van moontlike hooikoorslyers of enige potensiële geïrriteerdes wil bevind nie.

Nog 'n ding wat die arme hooikoorsfiguurtjie agter onse astertjie laat wonder het waarvóór 'n mens nou eintlik betaal, is die pronkstuk van 'n kapsel op die aster se hoof. Die figuurtjie sien elke dag komplekse affêres op vroumense se koppe en eintlik wou dié persoon mos na die dinge op die verhoog kom kyk het.

### TRAAN AFGEVEE

Ten spyte van alles het die twee die aande geniet. Aangevuur deur haar ou se heerlike spontaniteit, het sy hande geklap tot dit gebrand het. Hulle het gelag as iets snaaks is en partykeer het sy so 'n traan of wat afgevee. Hulle het almal in die omgewing aangesteek met hulle geesdrif en die twee was heel verbaas toe 'n waardige professor omdraai en sê: „Dis vir gewone mense soos julle wat leef, dat die mense daar voor al die moeite doen".

